HANDBOEKE

(Intersenfase : Graad 4 - 7)

Ons herinner u daaraan dat ons skool reeds sedert 2016, die probleem t.o.v die leerders in die intersenfase se **SWAAR TASSE**, aangespreek het. Die reëling is as volg: Elke leerder ontvang in Januarie ‘n handboek in elke vak, vir die jaar. Die handboek moet asseblief netjies oorgetrek word en tuis gehou word. Elke vakonderwyser het ‘n stel handboeke in die klas, waaruit die leerders gedurende skooltyd kan werk. Indien u kind in die middae ‘n naskoolsentrum besoek, stel ons voor dat die leerder ‘n sluitkassie by die skool huur, om die handboeke soos benodig, veilig in te bêre tot na skool.

Leerders vind beslis baat by bogenoemde reëling, omrede die skooltasse nou **BAIE LIGTER** is, as in die verlede.

“LIGTER LAS”

Ons rig ook ‘n dringende versoek aan die leerders om tuis te kyk of hulle nie dalk twee handboeke het nie. Leerders pak soms uit die mag van die gewoonte per ongeluk die **KLAS** se **HANDBOE**K in.
Baie dankie vir almal se samewerking in hierdie verband**.**